

Skrifgedeelte: Psalm 122	Fokusgedeelte: Psalm 122:6, 7; Heidelbergse Kategismus 48:123
---------------------------------	--

“Laat u koninkryk kom” – Bewaar en vermeerder u kerk

Dit is vandag Geloftedag. Hierdie dag getuig van God se genadige ingryping ter wille van die bewaring en vermeerdering van sy kerk aan die suidpunt van Afrika. Die Voor-trekkers se toekoms was vanweë wrede aanvalle menslik gesproke in die weegskaal. Daar was geen vrede nie. Hulle doen 'n gelofte en God het hulle wonderlik bewaar. Elke jaar op dié dag kan die Woord van ons Koning helder en duidelik, soos op 'n Sondag, ver-kondig word. Hy ontvang ook alleen al die eer.

God leer ons die bede “Laat u koninkryk kom” en Hy verhoor dit. Hy bewaar en vermeerder sy kerk. Hy gebruik hierin swak en nietige mense, soos die Voortrekkers, en soos jy wat elke dag getrou jou dienswerk moet verrig.

Ons moet ook die vyande van God se koninkryk ken en nie huiwer om teen hulle op te staan nie. Hulle staan in die pad van die naderende koninkryk. Daar is ook ander gevare soos wêreldgelykvormigheid, vervlakking, verleiding, liefdeloosheid en so meer. Ons moet gereeld bid dat God ons hiervan sal bewaar en dat daar ware vrede sal wees.

Daarom moet ons bid vir die vrede onder mekaar en vir mekaar, nie net binne 'n gemeente nie, maar ook binne kerkverband en wyer, ja bid vir vrede binne God se groot koninkryk. Hoe kan die Christendom getuig van Christus die Vredevors terwyl daar in onvrede onder mekaar geleef word?

Die vervulling van hierdie bede sal wees wanneer ons Vredevors weer kom; dan sal al sy vyande vernietig word en al sy kinders as burgers in sy ewige Vrederyk opgeneem word.

Sing: Psalm 122-1:2

Ds. SA (Sarel) Cilliers (Emeritus)